DR. J. REITSMA, *Geschiedenis van de Hervorming en de Hervormde Kerk der Nederlanden*, vijfde herziene druk, bezorgd door Dr. J. Lindeboom, 's-Gravenhage, Martinus Nyhoff, 1949.

Hierdie geskiedenisboek van die Hervormde Kerk van Nederland waarvan die eerste druk in 1893 verskyn het, het as studieboek 'n plek verower wat nie maklik deur 'n ander een ingeneem kan word nie. Telkens is dit aangevul en uitgebrei. Hierdie vyfde druk is egter, wat die voorgeskiedenis van die Hervormde Kerk aanbetref, ingekrimp. In die vorige drukke is die sogenäamde „wegbereiders" van die Hervorming, soos Ruusbroek, Geert Groote en andere veels te veel as „voor reformatore" beskou. Die teenswoordige geskiedskrywers staan anders teenoor hulle. Hulle was nie prinsipieel anti-rooms nie en was ook nie hervormdgesindes soos die latere Hervormers nie. Hulle het vir die Hervorming alleen 'n onregstreekse betekenis gehad, en daarom het Dr. LINDEBOOM dit goed geag om die eerste drie hoofstukke van die vorige uitgawes weg te laat, en met reg. Die res van die boek is bygewerk, ook die litteratuur.

Dit is jammer dat daar nie meer plek gegee is aan die vermelding van die lotgevalle van die verskillende vertakkings van die Hervormde Kerk in ander wêrelddele soos Asië, Amerika en Suid-Afrika. Die

skrywer bepaal hom alleen tot die verwysing na 'n paar boeke. In hierdie tyd waarin die katolisiteit van die Kerk weer met reg beklemtoon word, is dit wenslik om die historiese en organiese band tussen die Moederkerk in Nederland en die dogterkerke in ander lande meer onder die aandag te bring.

Hierdie boek van REITSMA en LINDEBOOM laat mens weer sterk besef dat in die Hervormde Kerk van Nederland die beoefening van die negentiende eeuse Nederlandse kerkgeskiedenis baie verwaarloos is. As eenmaal die bestudering van die geskiedenis van die Afskeiding en die Doloansie van Hervormde kant grondig onderneem word, sal baie dinge in 'n suiwerder lig te staan kom. Dit sou byna as iets weemoedigs genoem kan word dat die vernaamste geskrif oor professor Van Oosterzee, die boek van M. VAN RYN, *„Gemeenschap en Vereenzaming"*, is, 'n boek wat ons nie die regte Van Oosterzee gee nie.

Ons is bly met die uitgawe van hierdie vyfde druk van Reitsma se boek, en ons bring langs hierdie weg onse dank oor aan Dr. Lindeboom. Ook hier onder ons sal dit sy weg wel vind.

S. P. ENGELBRECHT.